

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die nuwe Afrikaanse staat sal eenheid bring waar verdeeldheid is.*

# Die O.B.





*Die ou Britse stelsel bring verdeeldheid waar daar eenheid is.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 11 FEBRUARIE 1942. No. 14.

## Dr. Malan Weier Getuienis Voor Hof Van Ondersoek

### Is Glo nie Geïnteresseerd In Saak Wat Hy in Volksraad Behandel Het

Met die oog op die ondersoek van die dissiplinêre hof wat deur die Kommandant-generaal ingestel is na aanleiding van die aantygings van dr. Malan in die Volksraad teen 'n hoë offisier van die Ossewabrandwag by wyse van die voorlees van 'n verklaring van Johannes van der Walt, is dr. Malan deur die hof uitgenooi om getuienis af te lê sodat die volle waarheid aan die publiek voorgelê kan word.

Dr. Malan het egter deur middel van sy privaat sekretaris geantwoord dat „die beëdigde verklaring van Johannes van der Walt, wat hy in die Volksraad voorgelees het, vir homself spreek **en dat hy nie geïnteresseerd is in 'n onderlinge rusie tussen O.B.-generaals nie".**

Die volgende antwoord is hierop deur die adjudant van genl. J. A. Smith aan dr. Malan gerig:

Genl. Smith het u brief ontvang in antwoord op sy uitnodiging om namens mnr. Johannes van der Walt, as wie se mondstuk vir sy beweerde beskuldigings teen adv. Jerling, u in die Volksraad opgetree het, getuienis voor die hof van ondersoek te gee.

Genl. Smith versoek my om u daarop te wys dat u nou verklaar dat u „nie geïnteresseer is in 'n rusie tussen O.B.-generaals nie," en om hierdie rede sy uitnodiging om die beweerde verklaring van mnr. Van der Walt en bewysstukke daarvoor, as u enige het, vir die ondersoek beskikbaar te stel van die hand wys.

Die uitnodiging is tot u gerig omdat u in die Raad sowel as daarbuite deur die voorlees van 'n beweerde verklaring, wat nou volgens u antwoord, 'n onderlinge rusie is tussen O.B.-offisiere, waarin u geen belang het nie, **die indruk geskep het dat u wel geïnteresseer is in 'n saak waarmee u niks te doen het nie en sulke beskuldigings as waarheid aanvaar en deur dit te herhaal, bewysstukke daarvoor moet besit.** Daar is aangeneem dat, as 'n verantwoordelike persoon wat aanspraak maak op leierskap van die volk sonder bybedoelings of kwaadwilligheid, u in die saak geïnteresseer is en ook heeltemal bereid sou gewees het om in te staan vir die egtheid van die verklaring sowel as die waarheid daarin, en also die hof van ondersoek behulpsaam kon gewees het om die waarheid aan 'n ondersoek te toets.

Waar die voorgestelde Hof van Ondersoek oor die waarheid of andersins van die beweerde beskuldigings deur u gemaak, moet besluit en sy bevindings bekend maak, sal dit u, as die kanaal waardeur die beskuldigings die wêreld deur middel van u optrede binne die Raad, en dus buite bereik van die betrokke en wel enigste geïnteresseerdes, uitgesaai is, seer sekerlik raak. Vandaar die uitnodiging.

### STERK DIE HANDE VAN ONS VYANDE

#### Noodlottige Gevolge van Dr. Malan se Optrede

'n Bewys van hoe dr. Malan se aantygings teen die Ossewabrandwag die vyandige elemente in ons land aanspoor tot optrede teen die Ossewabrandwag en sy leiding, vind ons ook in die jongste uitgawe van die vakbondblad The Guardian. Met verwysing na die geweldplegings in ons land skryf die blad:

„Die feit dat dr. Malan terwille van partyoorwegings die O.B.-leiers beskuldig het dat hulle 'n geestestoestand skep onder die volk om gewelddade te pleeg, behoort nie die vyande van Nazisme te verhinder om daarop aan te dring dat hierdie leiers onskadelik gemaak word nie . . . . Die regte houding is om die organisasies te onthoof deur hul leiers op te sluit. Selfs die Nasionaliste sal hul goedkeuring daaraan heg."

Kort gelede het twee seuns in Pretoria voor die hof getuig dat hulle deur dr. Malan se beskuldigings teen die O.B. aangehits was om Afrikaanse geboue te beskadig wat hulle gemeen het die eiendom van die Ossewabrandwag is.

Die Regering het by monde van sen. A. M. Conroy dr. Malan formeel in die Parlement bedank vir sy inligting teen die Ossewabrandwag, en adv. Lawrence het die Senaat gevra om sy interneringsbeleid goed te keur op grond van dr. Malan se bewerings. Hy het verder ook dr. Malan se onthullings aangevoer as 'n rede vir die verskerping van die Regering se interneringsbeleid.

Dr. Malan se aantygings dien dus vandag as 'n besieling vir alle vyandige elemente om stappe teen die Ossewabrandwag te doen en te eis. Hierdie stappe word nie uit haat teen die Ossewabrandwag as sodanig geëis en gedoen nie, **maar met die doel om die ganse Afrikaanse vryheidsbeweging te vernietig. En dr. Malan verskaf die inspirasie en ammunisie vir daardie vernietiging van die Afrikaanse vryheidstrewe!**

### BEËDIGDE VERKLARING VAN KOMMANDANT-GENERAAL

Onderstaande is die woordelike beëdigde verklaring wat die Kommandant-generaal afgelê het in verband met die aantyging teen hom in 'n verklaring van Johannes van der Walt soos voorgelees deur dr. Malan in die Parlement.

**„Ek die ondergetekende, Johannes Frederick Janse van Rensburg, verklaar onder eed as volg:**

**(1) Volgens die verklaring wat blykens Die Transvaler van 3 Februarie 1942 deur dr. D. F. Malan gelees is in die Parlement en wat voorgee afkomstig te wees van Johannes van der Walt, swaargewigstoeier, as sou ek tesame met advokaat Jerling, A.K.G. van die O.B., 'n eed geneem het in teenwoordigheid van voornoemde Van der Walt en dan die eed met 'n bloedvingerafdruk en 'n handtekening verseël het, verklaar ek, dat ek in die O.B. slegs een eed geneem het, naamlik, by my inswering te Kroonstad in die teenwoordigheid van 'n groot skare van die publiek en van die O.B.**

**(2) Ek verklaar dat enige bewering as sou ek 'n verder O.B.-eed of ander geneem het in teenwoordigheid van Johannes van der Walt, absoluut onwaar is.**

**„(Geteken) J. F. J. van Rensburg.**

**„Ek verklaar dat bostaande die volle waarheid is, so help my God."**

**Geteken te Pretoria op 3 Februarie 1942 voor my, C. J. C. Gie, Kommissaris van Ede.**



DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
V I R
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).
*Vra vir Kontrakvoorwaardes.*
Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

VLAE
*Besit U 'n O.B. Vlag?*
Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:
Kommando Vlag £1-15-0
Motorvlag 2-6
Fietsvlag 1-3
Kontant met Bestelling.
„DIE O.B.," Kamer 916, Groote Kerk-gebou, KAAPSTAD.

*Mede Afrikaners!*
Koop voortaan al u benodighede
by
„DIE VOLKSWINKEL"
Eienaar: J. M. Calitz, Jnr.
Foon 3.
Posbus 37. Kirkwood, K.P.

# Ossewabrandwag Word Uitgebou tot Alles Omvattende Volksbeweging

Die volgende verklaring is ten behoewe van die Grootraad uitgereik:

Die Ossewabrandwag het hom by geleentheid van sy eerste laertrekking (Offisierskonferensie) in Bloemfontein formeel tot 'n Republikeinse volksbeweging verklaar en opdrag gegee vir dienooreenkomstige uitbouing.

Die Ossewabrandwag staan as volksorganisasie buite enige Party-verband en is aan geen Party gekoppel.

Die Ossewabrandwag kan geen kandidaat, van watter Party ook, steun wat hom beveg nie.

Die Party wil nie ampsdraers en ook nie Volksraadslede hê wat nog lede van die Ossewabrandwag is nie. Hulle sal nou moet uittree kragtens Party-leiers se bevele.

Die Nasionale Party-leiding hou vol dat die O.B. deur sy „binnekringe" gekoppel is aan ondermynende bedrywighede en hervat nou volgens Die Burger, Transvaler en andere H.N.P.-blaaie op grond hiervan, die stryd teen die Ossewabrandwag. Insgelyks doen genl. Smuts. **Die verdeling in die volksgeledere ten gevolge van die optrede van beroepspolitici loop nou noodwendig uit op 'n teenstelling tussen volksgesindes wat die Volk bo partybelang stel en partygesindes wat die party bo die volksbelang stel.**

Ten gevolge van hierdie onvermybare verdeling deur die Party-leiers bewerkstellig, sal finaal in kampe te staan kom diegene wie se leuse sal moet wees: **„Weg met Partye en met Party-formasies!" en dié wat nog die uitgediende demokratiese Party-stelsel aanhang.**

Diegene wat dus buite Party-verband te staan kom, moet in 'n uitgeboude volksbeweging, desnoods op breër grondslag ook as die O.B.-kommando-indeling, saamgebind word.

Daar kan dus van kragte desnoods buite die Ossewabrandwag openlik gebruik gemaak word. Daar moet meer voorligting wees en meer definitiewe leiding gegee word in hierdie donker uur van die volksbestaan om also nog te probeer red dié eer van die volk wat deur party-politieke metodes met sy bedrog, oneerlikheid en knoeiery so besoedeld geword het.

Die stryd het definitief verander, en moet vinnig verander, en in 'n diepgaande beginselstryd van geestelik, sedelike aard binne die volksgeledere, tussen die beginsels van eerlikheid en opregtheid enersyds en oneerlikheid, misleiding, bedrog en knoeiery andersyds.

Dit is nodig dat buite die Party-formasies nou kragtens die Laer se besluit alle gesonde volkskragte ingeskakel word sodat vandaar uit te meer voordeel vir die volk behaal kan kom.

Plan moet gemaak word om sulke kragte in 'n volksbeleidsgroep met verskillende vertakkings saam te snoer, soos bv. volkskultuur, volksekonomie, voorligting, volkswelsyn, en volksopvoeding.

Hierdie groepe onder leiding van 'n sterk bevoegde persoonlikheid word die Volksgemeenskapsraad wat die Grootraad adviseer. Dit is 'n voorlopige stap tot verdere uitbouing van die huidige Grootraad tot 'n kragtige volkskomitee met die O.B.-kommando-organisasie as die aksie-afdeling.

Die Ossewabrandwag vaardig bostaande uiteensetting uit en verklaar verder dat alle onheil wat ons volk oorval het, te wyte is aan die verbrokkeling van die Afrikanerdom. Die Ossewabrandwag eis geen alleenreg van bestaan nie en wil hiermee as Christelik-nasionale Volksbeweging sy heelhartige steun bied met behoud van sy eie selfstandigheid aan enige front van die volk wat uitstyg bokant partyverdeeldhede, wat die verkryging van 'n anti-demokratiese, anti-kapitalistiese republiek nastrewe, en in sy wese nie strydig is met die Christelik-nasionale lewens- en staatsbeskouing nie.

EINDELIK
DIE BOEK waarna tienduisende lesers maande lank al voor uitsien.
Gister die Heldejare
deur S. IGN. MOCKE.
*Hierdie boek is 'n VERVOLG op*
IN DIE VUURLINIE

Is dit nodig om meer as dit te sê? As u „IN DIE VUURLINIE" gelees het, sal u die verleiding kan weerstaan om ook hierdie verhaal te lees?
Dit bring dieselfde vlammende idealisme, dieselfde brandende vryheidsliefde en ook hier is —
GENL. CHRISTIAAN RUDOLF DE WET
die oorheersende figuur.
Dit handel oor die jare van ontwrigting, vernedering en armoede ná die Driejarige Oorlog. Die stryd om staande te bly teen die vreemde indringing: Die hoop op die herwinning van die verlore vaderland: Totdat die rebellie van 1914 kom . . .
DAN IS U WEER MET ERNST IN DIE VELD, ONDER DIE WYE STERRENAGTE, AAN DIE SY VAN SY GELIEFDE GENERAAL.
U sal Ernst se rit aan die slot van hierdie werk nie vergeet nie: Die opstand is feitlik verby: Die rebelle keer terug na hul huise, maar De Wet het deurgebreek na die noorde: Die jong burger besluit om 'n poging aan te wend om deur die linies van die regeringstroepe te breek om by sy Generaal aan te sluit: U sal elke oomblik in hierdie magtige rit met ingehoue asem volg . . . totdat . . .
DIE REBELLIE GAAN VERBY MAAR
*DE WET is nog daar . . . , . . .*
— Prys 3/9 —
Hierdie is 'n uitgaaf van die A.P.-Sakbiblioteek en word aan intekenare verskaf teen 3/-; aan nie-intekenare 3/9. Teken vandag in en u ontvang hierdie boek en alle verdere uitgawes.
Bestel van:
DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,
Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54
BEAUFORT-WES

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

# Prof. Du Plessis Veroordeel Die Partypolitiek

## Onthulling Insake Nasionale Komitee

Die volgende belangwekkende verklaring is deur prof. L. J. du Plessis, voorsitter van die Eenheidskomitee, aan die pers oorhandig. Hierin verklaar prof. Du Plessis dat hy tot die oortuiging gekom het dat die partypolitiek uitgedien is en dat die Ossewabrandwag voortaan die hoofrol sal moet speel.

Prof. Du Plessis doen ook die hoogsbelangrike onthulling dat die idee van 'n Nasionale Komitee wat onlangs deur dr. Malan voorgestel is, reeds tydens die Bloemfonteinse partykongres in Junie verlede jaar deur hom (prof. Du Plessis) voorgestel was, maar dat dit toe deur die Partyleiers verwerp is en dat die Eenheidskomitee se samestelling, wat later deur die Partyleiers verwerp is, juis hulle voorstel by daardie geleentheid was.

Sy brief, wat deur Die Burger geweier is, lui as volg:

Laat ons dan eers vra wat die oorsaak van ons mislukking is. Daarop is die Christelike antwoord seker om die hand in eie boesem te steek en te bely: Ons almal het skuld daaraan. En as die belydenis eg is, sal ons daarvan afsien om voort te gaan met mekaar te beskuldig en veral met die toeskrywe van onedele motiewe aan die onderskeie leiers. Dat dié motiewe ook hulle werk gedoen het, kan nie ontveins word nie; maar wie is hier sonder skuld? En hoe sal ons ooit 'n volk word as ons steeds ons voormanne se goeie bedoelings — en dit nogal in die openbaar voor die oë van ons vyande — verdag maak, terwyl dit tog noodsaaklik is dat daar ook opregte meningsverskil moet bestaan oor die manier van optrede om een gemeenskaplike doel te bereik, en selfs ook oor die besonderhede van die doel self — ja, ook binne die kring van origens welmenende Afrikaners.

Ek wil dus persoonlik die skuld nie toeskryf aan slegte bedoelinge van enige kant binne die leierskorps van die Afrikanerdom nie, d.w.s. so ver dit betref dié wat reeds in die voorlopige eenheidsorganisasie ingesluit was; en selfs nie wat betref diegene wat daar nog nie in opgeneem was nie, soos bv. die kring van genl. Hertzog.

**En hier behoort ek mee te deel dat ek reeds op eie verantwoordelikheid net ná die Bloemfonteinse kongres aan genl. Hertzog persoonlik die verloop van sake bekend gemaak het met die bedoeling dat hy moontlik aan die beweging sy waardevolle steun kon gee. Want by alle beswaar teen sy manier van optrede veral sedert 1926 het ek tog nooit sy goeie bedoelinge ten opsigte van die Afrikanerdom in twyfel getrek nie.**

As die oorsaak van ons mislukking dan nie slegte trou is nie, is dit dan miskien geleë in die nasionaal-sosialistiese propaganda van een en ander? Die bewyse hiervoor sou dan gesoek moet word in mnr. Pirow se gebruik van die naam nasionaal-sosialisme vir sy „nuwe orde" en in die weiering van die O.B. om die Nasionaal-sosialisme te veroordeel.

Beteken dit nou werklik dat daar van hierdie kante 'n poging is om die Duitse stelsel hier in te voer? Let wel, ek wil hierdie taktiek nie verdedig nie — inteendeel, ek was een van die eerstes wat daarteen gewaarsku het, net soos teen genl. Hertzog se koöperatiewe imperialisme; maar is dit nou werklik so 'n ernstige saak dat ons daaroor moet skeur?

**Daar is tog werklik niemand van belang wat die Duitse stelsel hier wil invoer nie, en as iemand dit sou probeer, sou dit hopeloos misluk, omdat die Afrikanerdom daar eenvoudig nie vatbaar voor is nie. Die bedoeling van hierdie mense is tog blykbaar maar net om die Afrikanerdom nie te laat deel in die anti-Duitse agitasie van die Regering nie, en om aan te dui dat 'n radikale hervorming in ons volks- en staatslewe vereis is.** Dit is alleen jammer dat hulle nie genoeg insien dat ons eie nasionale Calvinisme, nadat dit gesuiwer is van liberalistiese vervalsing en behoorlik gemoderniseer is, die nodige beginsels vir hierdie hervorming bevat.

**Maar sien die partyleiers dit wel in?**

### OORSAKE VAN MISLUKKING

Om nou meer konkreet te word, waarom eintlik het dr. Malan se idee van 'n nasionale komitee as laaste redmiddel misluk? Tot hierdie mislukking het seker bygedra die manier van optrede van die O.B., deurdat eers die indruk geskep is dat die plan aanneemlik sou wees en daarna allerhande swarighede opgewerp is en die poging aangewend is om die plan uit te buit tot eerherstel van dr. Van Rensburg, ná die heftige party-aanvalle op sy persoon. **Maar die bron van alles was tog maar die gebrek aan vertroue wat veroorsaak is deur dr. Malan en die party se vroeëre optrede en die inkleding van sy voorstel.**

**Die feite in hierdie verband is naamlik dit, dat die nasionale-komitee-voorstel reeds deur my in Bloemfontein by die Party se Uniale Kongres voorgelê was aan al die belanghebbendes en dat dit daar ALLEREERS DEUR DIE PARTYLEIERS van die hand gewys is; verder dat HULLE idee van 'n koördinerende komitee, wat toe algemeen aanvaar is, daarna deur dr. Malan verwerp is omdat die O.B. syns insiens nie onderworpe genoeg was aan sy leiding nie, en dit hoewel in die bestaande stelsel van samewerking die selfstandigheid van die verskillende organisasies verseker was; dat dr. Malan toe eindelik, ná 'n heftige veldtog teen die O.B. en dr. Van Rensburg in besonder, weer met die nasionale-komitee-idee in 'n enigsins gewysigde vorm gekom het.**

**Aanvaarding daarvan nou sou die oppergesag van die party in die persoon van dr. Malan verseker het, en van hierdie essensiële punt wou hy geensins afwyk nie.** Is dit dan 'n wonder dat in die omstandighede die O.B., wat steeds geweier het om hom met 'n party te vereenselwig, al wou hy wel op 'n losse voet saamwerk, nie oorgretig was om die voorstel van dr. Malan te aanvaar nie, nadat hy uit die ervaring geleer het dat die party vasbeslote was om die oppergesag te behou?

### REDDING NIE IN PARTY

Daarmee is saamwerking tussen die volksorganisasies dan nou vereers van die baan af, hoewel intussen die grondslag daarvoor in die onlangs gepubliseerde republikeinse konstitusie in hoofsaak allerweë aanvaar is. Dit altans het ons intussen gewen. Maar waarom moes die saamwerking misluk? **Omdat die Afrikanerdom onder die invloed van wêreldbewegingе en sy eie ervaring tot die oortuiging begin kom dat sy redding nie in 'n party lê nie, al het die partywese in die verlede ook goeie vrugte afgewerp, maar in 'n eenheidsorganisasie van of vir die volk as geheel.** Omdat hierdie eenheidsorganisasie voorlopig (en vereers gebrekkig) in die O.B. beliggaam geraak het, en omdat die gepoogde manier van samewerking tussen die party-wese en die O.B. aan die nuwe idee van volkseenheid nie volle reg laat wedervaar het nie,

**deurdat die party-leiers te eng van blik en van hart was om hulle verouderde politieke alleenheerskappy geleidelik te laat oorgaan in 'n ruimer volkspolitieke eenheidsverband. Toe dit vir my geblyk het, het ek hierdie engheid toegeskryf aan die invloed van die feit dat vir baie van die leiers die politiek, en bepaald die verengende partypolitiek, 'n beroep geword het.**

Dit is my erg kwalik geneem, asof ek sou bedoel het dat die betrokke persone hul persoonlike verryking in die politiek gesoek het. Dit is nie die geval nie; die bedoeling was tog duidelik maar net dat hulle van die politiek hulle lewenswerk maak en daaruit ook hoofsaaklik hulle lewensonderhoud ontvang, **sodat hulle met die partywese heeltemal vereenselwig geraak het en nie meer die volle volkslewe nie.**

### PARTYWESE UITGEDIEND

Die gevolg vir my van hierdie ontwikkeling is dat, terwyl ek 'n jaar gelede slegs gemeen het dat die party alleen nie genoeg is om die volksredding te bewerk nie, **ek nou tot die oortuiging gekom het dat aan die partywese daarby ook nie meer die hoofrol toegeken kan word nie. Dat die H.N.P. of V. iets dergeliks self besef, blyk uit sy poging om homself uit te bou tot 'n volksorganisasie op die trant van die O.B.**

Ek bly egter nog by my vroeëre standpunt dat die O.B. alleen ook nie genoeg is nie, **en daarom kan ek alleen verwelkom sy voorneme om sy eie leiding meer omvattend en volksverteenwoordigend te maak, omdat egter in die O.B. die idee van volkseenheid so sterk leef, neig ek nou tot die mening dat hy in die toekoms die hoofrol kan speel,** indien hy die leemtes in sy leiding doeltreffend kan aanvul; so nie, sal daar 'n nuwe beweging moet kom om die leiding aan te gee.

Die posisie is dan nou dat die idee van 'n omvattende republikeinse volksorganisasie stewig gevestig is, dat die grondslag daarvoor in die republikeinse konstitusie voorlopig aanvaar is, dat dit op hierdie stadium nie verkry kan word deur samewerking van al die verskillende volksorganisasies nie — daarom sal die Afrikanereenheidskomitee vereers nie meer saamgeroep word nie — dat verskillende leiers nou daardie idee elk op sy eie manier probeer verwesenlik, bv. dr. Malan deur uitbou van die H.N.P. of V., dr. Van Rensburg deur die O.B., mnr. Pirow deur sy nuwe orde, genl. Hertzog deur die regte tyd af te wag, ens. Ons as Afrikaners sal intussen noodwendig onder mekaar verskil oor wie nou eintlik die regte metode aanwys en dus ons kragte meer bepaald aan een of ander organisasie bestee.

**Maar is dit nodig om daaroor mekaar te verketter? Dit is tog duidelik dat geen metode uiteindelik kan slaag sonder almal se steun nie; dat ons dus tog tenslotte almal bymekaar sal moet kom, miskien met 'n heeltemal nuwe metode wat nou nog nie uitgedink is nie. Daarom wil ek 'n dringende beroep doen op alle republikeinse mede-Afrikaners om, watter verskillende weë ons ook kies na die een gemeenskaplike doel, mekaar tog te verdra en mekaar waar moontlik ook te prys en in elk geval te verdedig teen die gemeenskaplike vyand. Dan alleen kan ons seën van onse God verwag en die toekoms hoopvol tegemoet gaan.**

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

DIE O.B., WOENSDAG, 11 FEB. 1942.

# Net Hulle Mag Dit Doen!

Ons het tevore al aangetoon hoe daar deur die leiers van die Herenigde Party met twee mate gemeet word. Die O.B. doen 'n ding en dit word deur die partyleiding verdoem as 'n boosheid. Die Partyleiding doen daarna (of selfs daarvoor) presies dieselfde, en dit is 'n deug.

Ons wys slegs op die volgende paar voorbeelde: Toe dr. Van Rensburg op Elsburg te kenne gegee het dat mense wat deur die Party uitgeskop word nie ook deur die Ossewabrandwag uitgeskop sal word nie, was dit verkeerd omdat dit inmenging sou wees in die Party se sake.

Toe dr. Malan kort daarna eis dat die Ossewabrandwag sy leiers moet uitskop omdat hulle glo nasionaal-sosialiste sou wees (hoewel die Partyleier nog nie die nasionaal-sosialiste in sy party wou uitskop nie), was dit reg en billik.

Omdat die lede van die Ossewabrandwag nie hul Grootraad regstreeks kies nie en die Grootraad volmag het om besluite namens die O.B. te neem, is dit as 'n verkeerdheid deur dr. Malan bestempel wat dit 'n diktatuur genoem het. Toe dr. Malan kort daarna egter tevoorskyn kom met 'n voorstel tot die stigting van 'n Nasionale Komitee wat nie deur die volk gekies word nie, **maar deur een persoon saamgestel en met volmag beklee word**, was dit goed en reg. Toe was 'n diktatuur geoorloof.

Toe die Ossewabrandwag in sy omsendbrief No. 1/41 'n konsep-grondwet van die toekomstige republiek aankondig, is dit deur dr. Malan so skerp veroordeel dat hy die O.B. met 'n oorlogsverklaring gedreig het. Op Stellenbosch het hy homself as volg oor die publikasie daarvan uitgelaat: ,,Hierdie grondwet is nie 'n aktuele saak nie. **Eers moet die republiek verkry word**, en ons moet ons kragte daarvoor bymekaar hou. Publikasie sou slegte taktiek wees. (Die Burger, 28 Aug.) Nadat die Ossewabrandwag dit deeglik moes ontgeld vir sy openbaring van ,,gebrek aan taktiek'', **kom dr. Malan 'n paar maande daarna en publiseer self daardie grondwet en daarby heeltemal volledig! En hoewel die republiek toe nog nie verkry was nie, was die tyd toe darem ryp en dit was baie goed, en dit was toe ook nie meer slegte taktiek nie!**

Maar die kroon word gespan in 'n hoofartikel van Die Burger van 30 Januarie. Die blad het dit oor 'n bevel wat in November deur genl. J. A. Smith uitgereik is met betrekking tot die houding van O.B.-lede op die Party se sirkelkonferensies waar, volgens die party se agenda, die O.B. ook onder bespreking sou kom en die Party se aksieplan behandel sou word. Kragtens hul trou aan die O.B. is die lede van die O.B. beveel om nie hul steun te gee aan 'n voorstel **wat bedoel sou wees om die O.B. nadeel te berokken nie.**

Hieroor is die Partyleiding nou kwaad en noem dit inmenging. O.B.-lede mag nie beveel word om nie hul eie organisasie te benadeel nie, dit is 'n baie growwe oortreding van die beginsels van trou! **Maar dit is volkome in ooreenstemming met die Partyleiding se opvatting van trou as daardie O.B.-lede hul medewerking sou gee aan iets wat hul eie organisasie se ondergang beteken!**

'n Gelofte van trou is nou in die oë van Die Burger 'n baie gewigtige saak. Hoor hoe jammer hy: ,,Koelbloedig is daardie Afrikaners as lede van die O.B. gelas om aan hul plegtige gelofte ontrou te wees . . . Die belang van die O.B. moet gedien word, **ook al is dit in stryd met 'n plegtige gelofte.''**

Nou word hierdie bevel van die O.B., **nie om uit die Party te bedank of om die Party skade aan te doen nie**, maar bloot en alleen om **nie mee te doen nie** aan 'n-besluit wat teen die O.B. gemik is, as onoortreflik ,,immoreel'' beskryf: ,,Wat daardie immorele bevel indien moontlik nog erger maak . . . .''. Aldus die blad.

Toe dr. Malan op 3 Oktober 'n ,,dringende beroep'' op sy partyvolgelinge binne die O.B. gedoen het om uit die Ossewabrandwag te bedank, **te bedank uit 'n organisasie ten behoewe waarvan hulle ook 'n gelofte van trou afgelê het**, en dit nog wel lank voordat die Partyleiding ook met sy ,,geloftes van trou'' gekom het, toe was dit geen immorele bevel nie! **Toe kon die volk maar 'n plegtige gelofte en ook 'n heilige eed om mekaar se hande nooit weer te los nie, verbreek!** Ja hierdie verbreking van albei moes ,,kort van duur en beslissend'' gewees het, soos dit lui in dr. Malan se eie woorde.

Om 'n bevel te gee tot verbreking van 'n eed is goed, ja baie goed, as dit van die Partyleier afkomstig is, **maar 'n bevel om nie daardie gelofte van trou aan die O.B. te verbreek deur saam met die eedverbrekers jou eie organisasie te vernietig nie, dit is onoortreflik immoreel!**

Dit is hierdie skaamtelose huigelary wat genl. Smith onlangs op die beheerraadsvergadering genoop het om uit te roep dat ons stryd geword het 'n etiese stryd, 'n stryd teen die verwoesting van ons volksmoraal en dat hy weier om sy nageslag te laat lewe in hierdie hel van laster en bedrog wat ons vandag in verkeer.

Dit is oor hierdie twee maatstawwe waarmee gemeet word, dat die volk verdeel word. Dit maak vir sommige mense 'n wêreld se verskil wie 'n ding doen. As **hulle** dit doen, is dit reg; as ander dieselfde doen, is dit verkeerd. **Daarom mag die O.B. nie die republiek bring nie, en daarom moet hy sterf en daarom moet die volk verdeel word. ,,As die O.B. nou die republiek bring, wat bly dan vir die Party oor?'' het adv. J. G. Strydom op 1 November te Langlaagte gevra** (Die Transvaler 3 November).

Dit is die Partyleiers se prerogatief om die republiek te bring, om grondwette te publiseer, om in ander se aangeleenthede in te meng; om diktature in die lewe te roep en . . . . om bevele te gee vir die verbreking van ede en plegtige geloftes van trou!

# 'n Liberalistiese Beginsel.

In Die Burger van 27 Januarie word namens die Herenigde Party 'n pleidooi gelewer vir die gelyke regte van die Engelse in ons land. Die Burger noem dit 'n nasionale beginsel wat so oud is as die Nasionale Party self, en daarom veroordeel hy dit dat daar mense is wat daarteen gekant is dat die regte van ,,veertig persent van die volk'' verminder sal word.

**Hiermee het Die Burger homself en die Party wat hy dien, opgewerp as die beskermers van die Engelse se regte.** As 'n mens jou mederepublikeine aanval en by die Imperialistiese regering aankla as ondermyners en vyfdekolonners, loop dit noodwendig naderhand daarop uit dat jy die pleitbesorger moet word van diegene wat jou republikeine vertrap en vervolg.

Die volk weet baie goed dat hierdie ,,veertig persent van die volk'' wat uit Engelse bestaan, nie 'n bloue duit vir die Afrikaner se regte omgee nie. Hulle beskou hulself, met enkele uitsondering, as lede van 'n oorsese nasie en hul trou kleef aan 'n vreemde land. Onder die liberalistiese bedeling is hulle opgeneem as lede van die Suid-Afrikaanse staat en is aan hulle gelyke regte verleen. Die liberalisme vra nie of 'n persoon lid is of wil wees van die nasie in wie se land hy hom bevind nie. Vir die liberalisme kan elke lewende siel burgerregte verkry mits hy 'n sekere ouderdom het, want die liberalisme erken nie die soewereiniteit van 'n nasie nie, maar net van 'n staat.

Waar die Nasionale Party hom in die verlede beywer het vir gelyke regte, het hy dit gedoen in die gees van die liberalisme — waarvan die partystelsel trouens self 'n produk is. Dit is maar weinige jare gelede dat die Partyleiers wat vandag 'n woordjie teen die demokrasie te sê het, hulself op die bors geslaan het met die woorde: ,,Ek is 'n demokraat.'' Vandag waarsku hulle teen die demokrasie en praat daarvan as 'n uitgediende stelsel. Net so moes die Party hom in die verlede stel op die liberalistiese beginsel van gelyke regte van twee afsonderlike nasies binne een staat.

Die nasionale gedagte bots egter teen hierdie vreemde opvatting wat op ons volk afgedwing is. Nou kom Die Burger en die leiers van die Herenigde Party en veroordeel hierdie nasionale gedagte. Hulle tree op as beskermers van die Engelse op wie se besluit tienduisende Afrikaners vandag in die Noorde sneuwel vir Britse belange. **Hierdie seggenskap oor Boerebloed vir die Empire te laat stort wil die Partyleiers nie alleen erken nie, maar selfs beskerm.**

Dit word tyd dat ons leiers hulle losmaak van die liberalistiese idee wat dit vir ons volk onmoontlik maak om in sy eie vaderland tot sy reg te kom.

Dieselfde Engelse vir wie hulle nou pleit, het nog steeds aanstoot geneem aan Afrikaans. So berig Die Transvaler van 22 Januarie nog weer van 'n Afrikaanse dokter wat deur die Superintendent van die hospitaal oor die kole gehaal is omdat hy Afrikaans in teenwoordigheid van 'n Engelse suster gepraat het! Dit sou rassehaat aanwakker!

Volgens die grondwet wat deur die O.B. aanvaar is vir ons toekomstige staat, sal 'n Engelsman nie kwalik geneem word as hy Engels praat nie. Hy kan dit praat soveel as hy wil. **Maar as beginsel word aanvaar dat Afrikaans die amptelike taal moet wees en dat Engels nie op gelyke voet deur die staat erken sal word nie.** Hierdie beginsel noem Die Burger ,,'n uiterste'' wat strydig is met wat hy 'n ,,nasionale beginsel'' noem, maar in werklikheid 'n oorblyfsel is van die liberalistiese demokrasie waarvan partypolitici blykbaar nooit los kan kom nie.

# Republiek Verlore volgens Dr. Malan se Eie Uitspraak en Optrede

Tesame met die eervol ontslane staatsamptenare het die volk 'n jaar gelede 'n beweging in die Ossewabrandwag gehad met 'n ledetal van naby 'n halfmiljoen doelbewuste Afrikaners. Wat 'n eenheid! Met hierdie eenheid kon die Afrikanerdom die verloop van die oorlog met vertroue afgewag het.

Dr. Malan het verskeie keer al verklaar dat ons ons vryheid net op twee maniere kan kry. Die eerste moontlikheid is dat Engeland verloor en dat die oorwinnaar ons dan die republiek sal gee **mits ons nie verdeeld is nie.** Die ander moontlikheid is dat Engeland wen en dat ons dit dan deur middel van die stembus moet verwerf.

As ons verdeeld bly, word die eerste moontlikheid, volgens dr. Malan se eie uitspraak, uitgeskakel. As Engeland die oorlog verloor, sal ons dus nooit ons vryheid kry nie en **dr. Malan beklemtoon daeliks dat Engeland die oorlog klaar verloor het. Daar bly dus volgens sy eie uitspraak geen weg meer oor om die vryheid te verkry nie, want die stembus verval ook as Engeland verloor.**

Die Ossewabrandwag was in die lig van hierdie redenasie die waarborg van ons vryheid omdat ons in hom 'n halfmiljoen Afrikaners verenigd gehad het. Dr. Malan het toe oorlog teen die Ossewabrandwag verklaar omdat 'n **partykongres** hom (dr. Malan) op Bloemfontein tot volksleier uitgeroep het, en hy die Ossewabrandwag toe in gevolge hierdie **partybesluit** onder sy gesag wou gehad het. Oor sy leierskap is die Ossewabrandwag toe aangeval en verdeel. **Daarmee is die volk verdeel en daarmee ook ons republiek verlore!**

In plaas van die eenheid nou te herstel, kom dr. Malan en skep die grootste verbittering en haat tussen mede-Afrikaners deur sy aanhoudende beskuldigings teen die Ossewabrandwag en Afrikanervoormanne. Deur sy optrede is honderde Afrikaners in die kampe gestop. **Op die manier is daar nie alleen geen eenheid meer nie, maar daar heers so 'n onderlinge wantroue en haat onder Afrikaners dat geen volksoptrede**

(Vervolg op bls. 5, kolom 3.)

# Dissiplinêre Hof van Ondersoek Insake Malan-Aantygings

## Verklaring van Kommandant-Generaal

Die volgende verklaring is deur die Kommandant-generaal uitgereik onmiddellik na dr. Malan se aantygings in die Parlement:

Namens die O.B.-Grootraad in verband met aantygings gemaak deur dr. D. F. Malan onder privilege van die Parlement wat hom teen 'n aksie vir laster vrywaar, wil ek namens die O.B. die volgende verklaring vir kennisname deur alle brandwagte doen:

Daar is ernstige aantygings teen generaal J. D. Jerling, A.K.G. van die Transvaal, gemaak deur genl. Johannes van der Walt. Geen bewyse vir die aantygings word gegee nie, maar die goeie naam van die O.B. asook van een van sy hoogste offisiere eis onmiddellike en deurtastende ondersoek. Ek het derhalwe die volgende stappe gedoen:

(1) Generaal Jerling is op eie versoek tydelik van sy pos onthef hangende die bevinding van 'n hof van ondersoek oor die aantygings as sou hy sy mede-Afrikaners aan die vyand uitgelewer het. Hoofgenl. L. Bootha tree as waarnemende A.K.G. op hangende bekragtiging deur die Grootraad.

(2) Genl. Johannes van der Walt is ook van sy pos onthef hangende die bevinding oor 'n aanklag dat hy ondermynende aantygings teen 'n mede-offisier gedoen het, en dit teenoor vyandige elemente buitekant die O.B., **sonder dat hy enige poging gedoen het om sy bewerings voor die toeganklike outoriteite van die O.B. insluitende die Grootraad of 'n lid daarvan, te bring en te staaf.**

(3) **'n Dissiplinêre hof van ondersoek sal onverwyld benoem word en dr. D. F. Malan asook Johannes van der Walt en enige ander persoon wat op hierdie saak lig kan werp, sal elke geleentheid hê om sy bewerings te staaf.**

(4) Die O.B. wil geen onwaardige beskerm en wil ook nie toelaat dat modder teen enige Afrikaner vanuit die donker geslinger word nie. Ons wil slegs die volle waarheid weet en dit publiek maak.

(Get.) J. F. J. VAN RENSBURG.

(Die hof is reeds saamgestel en sal op 11 Februarie in Johannesburg sit.—Red. Die O.B.)

# Oorsaak van die Wanhoopsdade

In die afgelope paar weke het daar sabotasie op groot skaal feitlik dwarsdeur die land plaasgevind. Die geweldlade wat totsover hoofsaaklik tot die Rand beperk was, het nou nie alleen in omvang nie, maar ook in tempo toegeneem. Vir hierdie geweldpleging moet daar 'n verklaarbare rede wees, en vir elkeen met 'n bietjie mensekunde is dit duidelik wat die oorsake is. By die Ossewabrandwag moet dit nie gesoek word nie. Sy leiding het herhaalde maal daarteen gewaarsku.

As gevolg van die liberalistiese demokrasie wat vreemdelinge as burgers erken, het ons 'n Regering wat bestaan uit mense wat meer bekommerd is oor Engeland se oorloë as oor die welvaart van die land van hul inwoning. Met hierdie mense aan die bewind is oorlog verklaar teen die uitdruklike wil, nie van die sogenaamde meerderheid van die Suid-Afrikaanse volk nie, maar van die regmatige volk in ons land. Die Regering behoort te geweet het dat daar mense sal wees wat nie oogluikend sou toelaat dat die belange van hul volk en vaderland opgeoffer word aan daardie moondheid wat ons van ons nasionale seggenskap beroof het nie. Dit was 'n dwase stap om 'n volk teen sy wil in 'n uitlandse oorlog te dwing.

Het die Regering hom in sy rekrutering net beperk tot daardie deel van die bevolking wat homself gebonde voel aan 'n land oor see, sou daar ongetwyfeld geen onrusbarende reaksies van Afrikaanse kant gekom het nie. Instede daarvan moes ons aanskou hoe daar die grofste dwang op Afrikaners uitgeoefen word om by die leër aan te sluit.

Britse firmas het manne in die pad gesteek wat nie gewillig was om hul steun aan die oorlog toe te sê by wyse van 'n V op die bors nie. Die Regering self het, waar hy kon, werknemers van hul broodwinning beroof en hulle also tot aansluiting gedwing. En tans word van owerheidsweë 'n beroep gedoen op werkgewers om hul personeellyste in hersiening te neem, wat beteken dat hulle nog meer onwilliges in die vrywillige oorlog moet druk. Wat in die boesem van die also uitgedrukte anti-oorloggesindes omgaan, sal niemand kan beskryf nie. Maar as hierdie mense sou oorgaan tot wanhoopsdade sal dit menslik verstaanbaar wees, en sal hul dade op rekening van die Regering en sy tuissittende sleutelbase geplaas moet word.

Gekwel deur sy eie gewete en bewus van die dwaasheid van sy optrede, het die Regering sy posisie probeer handhaaf deur in die lewe te roep 'n inkwisisie met die ironiese benaming van waarheidsleër, en die oprigting van interneringskampe waarin Afrikaners gestop word teen wie niks bewys kan word nie. In die Parlement moes die Regering reeds tevore erken dat daar manne maandelank in die kamp gehou is op grond van onware en valse aantygings afkomstig van persone wie se name die Regering nie aan die volk wil openbaar nie. Sonder verhoor en in meeste gevalle sonder opgaaf van rede word Afrkaners weggevang van hul gesinne om in kommer hul dae agter doringdraadheinings te gaan verslyt. **Die blote feit dat hierdie manne nie voor 'n regbank aangekla en verhoor word nie, is genoegsame bewys van hul onskuld.** Die Minister van Binnelandse Sake moes dan ook reeds erken dat die Regering die voordeel ontvang waar daar twyfel is. Kan 'n man se skuld nie bewys word nie nadat hy deur 'n onbekende, vyandiggesinde individu aangekla is van iets wat hy self nooit te hore kom nie, noem die Regering aan dat hy skuldig is en stop hom in die kamp. En dan verwag die Regering dat daar nog wet en orde gehandhaaf sal word wanneer hy self die elementêrste beginsels van geregtigheid onder die voete vertrap! Wanneer vrye burgers regteloos gemaak en soos wildbokke vervolg word, moet daar reaksie verwag word van die lede van 'n ras wat in die verlede getoon het dat hy meer in hom het van die karaktertrekke van 'n leeu as van 'n wildbok.

Honderde lede van die Polisiemag is onlangs gevang en, na berig is, sou 'n skamele dertigtal van hulle glo darem verhoor word. Dat so 'n toestand in die Polisiemag heers, sal verstaan word as in ag geneem word die vervolging wat hierdie manne nie alleen van uitlandse soldate en gekleurde gepeupel moes verduur nie, maar ook van sy eie Regering. Die rooi eed moes deur hierdie manne teen wil en dank afgelê word en diegene wat geweier het om hul trou te betuig aan 'n saak waarmee hulle niks te doen het nie, is aan vervolging van alle kante blootgestel. Hulle is geslaan deur onbeteuelde soldate-hordes wanneer hulle eiendomme moes beskerm teen die Regering se „landsbeskermers". **Maar daarna is hulle deur die Regering tot verantwoording geroep omdat hulle te hard sou teruggeslaan het!** Tronkstraf is aangekondig vir elkeen wat 'n lid van die Regering se verdedigingsmag aanrand, **maar totsover is aanranders op die Polisie herhaalde maal deur die Minister van Justisie kwytgeskeld van hul straf.** „Aanranders" van strydlustige soldate daarenteen is vir maande tronk-toe gestuur. Is dit dan nie bomenslik as die Regering in sulke omstandighede verwag dat sy wette deur hierdie manne uitgevoer en deur die ander gehoorsaam sal word nie?

Die Afrikaner het begin wanhoop oor die toepassing van reg en geregtigheid in sy vaderland, en 'n man wat wanhoop, is bereid om dinge te doen wat hy anders nooit aan sou gedink het nie. Geweld roep geweld en met onderdrukkingsmaatreëls sal die Regering hierdie reaksie nie gekeer kry nie. Hy kan dit alleen doen deur weer terug te keer tot die uitoefening en toepassing van reg en geregtigheid.

Maar by die Regering het dit nie gebly nie. Partypolitici het in hul wanhoopspoging om hul alleenheerskappy oor ons volkslewe te handhaaf, **daardie organisasie gaan ondermyn wat nog in staat was om die opgekropte gemoedere in bedwang te hou.** Deur die beskuldigings van Herenigde Partyleiers dat die O.B. geweld beoog, het hulle die besef by die reeds verdrukte lede van die volk laat posvat dat geweld alleen 'n oplossing bied, en dat dit inderdaad die doel van die O.B. is en sy goedkeuring wegdra.

**Die dissipline van die Ossewabrandwag, wat tydens die soldate-moleste 'n onbetwisbare krag geblyk het om wet en orde te handhaaf, is op die gruwelikste wyse deur hierdie „eenheidstrewers" ondermyn en vernietig. In hul pers is openlik aangevoer dat 'n eed van trou iets is wat van môre tot oormôre van jou afgeskud kan word. Wantroue teen die manne onder wie se bevel hulle staan en wat in die verlede hul onwrikbare gehoorsaamheid erlang het, is geskep. Van hul hoogste offisier is gesê dat hy hulle aan veldmaarskalk Smuts verraai en aan die vyande van ons volk uitlewer.** Trou en vertroue is so ondergrawe deur hierdie aanhitsers van broedertwis dat dit slegs die natuurlikste ding van die wêreld is dat jong manne hulle nou aan geen gesag meer steur nie en op eie krag alleen nog staat maak.

**Hierdie politieke eierdansers wat die een dag beduie dat Duitsland ons vryheid aan ons as 'n geskenk sal gee, die volgende dag dat dit alleen deur middel van die Britse stembus verwerf kan word en die derde dag dat nuwe metodes miskien aangewend sal moet word, en wat, nadat hulle die volk verskeur en verdeel het, wanhoopsuitroepe oor die land laat weergalm dat die volk besig is om op 'n afgrond af te stuur en dat dit verby is met ons vryheid tensy die einde van die oorlog ons as 'n eenheid vind — daardie eenheid wat HULLE verbreek het, hierdie mense het die volk laat wanhoop aan sy vryheid.** En die wanhopige lede van 'n wanhopige volk kan nie verantwoordelik gehou word as hulle hulle nie meer steur aan 'n staatsgesag wat deur die Regering self misbruik en groepsgesag wat deur „volksleiers" ondermyn word nie.

Hier lê die rede vir die reaksie wat hom nou openbaar in dade wat as sabotasie bestempel word.

### *Republiek Verlore Volgens Dr. Malan se Eie Uitspraak en Optrede*

(Vervolg van bls. 4.)

**meer moontlik is nie.**

**As Engeland nou die oorlog verloor, watter hoop het dr. Malan nog dat die oorwinnaar aan HOM die republiek sal gee — hy wat so 'n warboel in die land geskep het dat harde republikeine nou uit moedeloosheid maar by die leër aansluit om teen die „oorwinnaar" te veg?**

**Manne wat die Partyleiers nou beweeg om vertroue in hul leiers en beweging te verloor, sal nie by dr. Malan se uitgediende demokratiese partystelsel gaan aansluit nie, nie gaan aansluit by die man wat die volk verskeur het nie, maar hulle gaan sluit by die leër aan om weg te kom van hierdie warboel waarin die geloof en moed van die dapperstes in wanhoop versmelt.**

Siedaar die wrange vrugte van 'n volksleier wat teen sy eie volk veg en alle paaie na ons vryheid versper terwille van die liberalistiese produk wat ons van Engeland geërf het — **'n politieke party, wat dr. Malan self glo, net die vryheid kan bring indien Engeland die oorlog wen. Maar Engeland, sê hy, het die oorlog klaar verloor!**

# „Boikot Van Die Ergste Graad Teen Ossewabrandwag"

## ANTWOORD AAN DIE NASIONALE PERS

Die volgende brief in antwoord op die weiering van die Direksie van die Nasionale Pers om die stryd teen die O.B. te staak, is deur die sekretaris van die Kaaplandse Beheerraad geskryf:

Waarde Heer,

In antwoord op u brief van 2 Februarie 1942 dien dat op u brief van 18 September 1941, waarin u bereidwilligheid te kenne gegee het om 'n afvaardiging van ons kant toe te laat om u Dagbestuur te ontmoet, sulke kwaai, onbillike aanvalle en verdagmaking soos in die hoofartikel van 19 September op die O.B.-leiding gevolg het, dat ons Dagbestuur dit wenslik geag het om 'n ander weg, nl. een van bemiddeling te probeer volg, wat na ons gemeen het, eventuele ontmoeting meer suksesvol sou maak. Ondervinding leer dat oor en weer skrywery nie bevorderlik is nie.

Aan lede van ons Dagbestuur is toe opgedra om buitestaanders, onpartydige persone, eers te nader om lede van u Direksie te spreek en aan te dring op 'n meer gematigde toon van u blad. Hierdie weg het ook geen sukses gehad nie en dit het al meer duidelik geword dat vertoë van enige aard niks meer sou help nie. Hierdie mening is gesterk deur die wyse waarop die beroep van twee volksmoeders, mevv. Conradie en Rothman deur u blad behandel is.

Die Dagbestuur het eindelik besluit geen verder poging aan te wend as in die publiek protes te laat hoor om sodoende die Direksie hul verantwoordelikheidsbesef te laat gevoel.

**Terselfdertyd, en dit het ook betrekking op die brief van die Hoofbestuur van 2 Februarie, het u blad met 'n beslis-deurgevoerde „boikot" van O.B.-versfae, -verklarings en oproepe begin, in die eerste instansie deur verminking of onvolledige plasing en in die tweede deur weiering vir plasing. Eindelik, en nog voor ons laaste brief, is 'n advertensie geweier wat u Hoofbestuurder nou toeskryf aan die bewering dat die Ossewabrandwag met 'n „boikot" begin het.**

As die Dagbestuur se waarskuwing van 27 Januarie 1942 aan u gerig met betrekking tot die houding van lede en offisiere en dat hulle dreig met onttrekking van ondersteuning 'n „boikot" is, dan is dit seer seker ook „boikot" van die menings en verklarings wat Ossewabrandwagleiers u vir plasing aangebied en deur u geweier is. **Dan is dit seer seker „boikot" van die Ossewabrandwag in die ergste graad die beroepe in die hoofartikels gedoen op nasionaliste om uit die Ossewabrandwag te bedank.**

U soek nou „boikot" aan die verkeerde deur. U het die grootskaalse „boikot" begin en beskuldig nou die Ossewabrandwag daarvan.

Laat daar tog duidelikheid wees op die houding van die Ossewabrandwag, nl. dat die Ossewabrandwag wel beswaar voel maar nie u reg op billike kritiek op beginselverskille wil betwis nie. Sy protes is teen die bedekte sowel openlike aantygings en insinuasies van verraad en karakterskendende beduiery teen diegene met wie u verskil.

Gee dieselfde publisiteit aan die kant van die saak wat die Ossewabrandwag betref en hou op met modder gooi. Die enigste lede van die Ossewabrandwag wat u kan „boikot", as u dit so wil noem, is immers intekenaars en aandeelhouers net soos die ander wie se kant u kies. Maar u het met u wyse van „boikot" teen u eie mense en ondersteuners begin.


# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 6/0 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

105 Takke 40,000 Lede AVBOB Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

KAROO-MIS

EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer .. .. .. .. | 27/- |
| 20 ton en meer .. .. .. .. | 26/- |
| 40 ton en meer .. .. .. .. | 25/- |
| In klante se sakke .. .. .. .. | 18/- |

Bostaande pryse per ton van **twaalf** goeie sakke, gelewer Uniestasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaal, spesiaal voorberei vir enige kunsmistoestel. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld; geen onkruid. Monsters op aanvraag. Beste gehalte onbewerkte mis 8/6 per ton, £4-13-6. ES trok gelewer aan bona fide boere. Onmiddellike aflewering.

K.m.b. of k.b.a.

B. J. ROODE,

Posbus 15, KLIPPLAAT.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660, JOHANNESBURG.

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome** en keurige **Rose.** Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geïllustreerde Plantgids gratis.

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# Het Inligtingsdiens Onderhoud Met Dr. Malan Gehad?

## Onthullings van Parlementslid Insake Grootskaalse Internerings

**Dat die Regering se Inligtingsdiens 'n onderhoud met dr. Malan wou reël drie dae voordat die grootskaalse internerings aan die Rand plaasgevind het, is voorverlede Saterdag deur mnr. J. T. Bezuidenhout, L.V., op Klerksdorp by geleentheid van 'n vergadering aan die lig gebring.**

Mnr. Bezuidenhout het verklaar dat hy op 19 Januarie in die sweepkamer van die Afrikanerparty besig was met korrespondensie toe die telefoon lui en die Inligtingskantoor vra om met dr. Malan te praat. Op vrae van mnr. Bezuidenhout het spreker verklaar dat hy daardie namiddag 'n onderhoud met die Inligtingsbeampte vir dr. Malan wil reël.

Mnr. Bezuidenhout het hom egter in kennis gestel dat dit nie die telefoon vir „Die Amptelike Opposisie" is, soos in die adresboek verskyn nie, maar wel van die Afrikanerparty en dat hy nie in staat is om die telefoon van dr. Malan te verskaf nie.

„Nou wil ek dr. Malan 'n paar vrae vra," het mnr. Bezuidenhout vervolg: „Het die Inligtingsdiens daarin geslaag om daardie onderhoud met dr. Malan te reël? Indien ja, waaroor het dit gegaan; watter inligting het hy hulle gegee en watter verband het dit met die grootskaalse internerings drie dae daarna?" het mnr. Bezuidenhout gevra.

„Ek het nog 'n ander vraag wat ek hier aan dr. Malan wil vra," het mnr. Bezuidenhout vervolg. „Watter inligting omtrent die Ossewabrandwag het dr. Malan aan die Regering gegee waarvoor sen. Conroy hom so hartlik namens die Regering bedank het? Wanneer dr. Malan op hierdie vrae geantwoord het, sal ons weet watter verband daar tussen dr. Malan en die grootskaalse internerings van onlangs bestaan," het mnr. Bezuidenhout uitgeroep.

## OSSEWABRANDWAG BEVORDER BROEDERLIKE GEVOEL

Hoe die Ossewabrandwag 'n gevoel van broederskap tussen Afrikaners skep, is onlangs deur 'n Assistent-veldkornet van Stellenbosch meegedeel. Hy het verwys na 'n toespraak van hoofgenl. dr. F. D. du T. van Zyl waarin hy die idee van broederskap tussen Afrikaners beklemtoon het en gewys het op die onmisbaarheid van selfs die armste werker. Dit het 'n groot indruk op hom gemaak. Hy verklaar dat daar in Stellenbosch 'n man is wat elke môre saam met twee kaffers strate vee. Dit het nog nooit by hom opgekom om daardie man te groet nie, maar nadat hierdie gevoel van „my broer se hoeder" by hom posgevat het, het hy elke môre met 'n opgeruimde „goeie môre oubaas" verbygery. Die man het sy besem ook laat rus en blymoedig die groet beantwoord. „Wat 'n verandering in my lewe het dit teweeggebring," het hy verklaar. Hoewel ek 'n asst.-veldkornet is, sal ek graag as brandwag onder daardie oubaas wil dien. Geen klassestryd, geen meerdere oor mindere nie, dog almal gelyk en elkeen doen die werk waarvoor hy aanleg het: Een vir almal, almal vir elkeen."

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## EERVOLLE ONTSLAG VIR LEDE VAN NAS. PERS

Die volgende bevel is uitgereik deur die Asst. Komdt.-generaal van die Ossewabrandwag van Kaapland:

„Indertyd is alle Regeringsamptenare met uitskopping uit die staatsdiens bedreig as hulle nie binne veertien dae as lede van die Ossewabrandwag bedank nie.

„Die Dagbestuur van die Grootraad het toe besluit om sodanige amptenare eervolle ontslag te gee en die mense die vernedering te spaar om hul bedankings uit te skryf en self in te lewer.

„Die Regering het dié reëling van die Ossewabrandwag aanvaar en geen amptenaar was verplig om persoonlik te bedank nie.

„Dieselfde bevel word nou ten opsigte van die lede van die personeel van die Nasionale Pers Bpk., om dieselfde redes uitgereik.

„Afgedwonge bedankings word nie deur die Hoofkwartier van die Ossewabrandwag aanvaar waar eervolle ontslag aan lede gegee word nie."

## PREDIKANT ANTWOORD DS. KOTZÉ

Hoewel dit ons beleid is om geen private briefmenings in ons blad te plaas nie, maak ons 'n uitsondering op die reël deur die volgende uittreksel uit 'n brief te plaas van 'n Vrystaatse predikant in antwoord op ds. C. R. Kotzé se brief in Die Burger 'n tydjie gelede, waarin hy weer met die verwyt kom dat dr. Van Rensburg 'n nasionaal-sosialis sou wees.

Dit lui: Hy (ds. Kotzé) verklaar sonder enige grond dat dr. Van Rensburg is en sal bly 'n nasionaal-sosialis. En sy grond is dat die Kommandant-generaal nie bereid is om saam met hom en sy vriende en op hul bevel 'n ongunstige oordeel uit te spreek teen die nasionaal-sosialisme nie. Hy verlang dus dat dr. Van Rensburg net soos hy geen kans moet laat verbygaan om aanstoot te gee aan mense wat hom geen kwaad gedoen het nie, en, wat soos alte duidelik blyk, nogal gevaarlike vyande kan wees, veral as jy hulle afstoot sonder dat hulle jou ooit genader het met die versoek om te dink soos hulle en te wees soos hulle.

Ek sal graag wil sien wat sal gebeur as 'n man wat aan die Ned. Geref. Kerk behoort, net soos ds. Kotzé, hom by sy gemeente kom voeg. Ek stel my voor dat die volgende gesprek kan plaasvind:

Die man: „Dominee ek behoort aan u kerk en wil graag aansluit."

Ds. Kotzé: „Ja, maar is jy nie Gereformeerd nie?"

Die man: „Nee Dominee, ek sê mos ek is 'n Nederduits Gereformeerde."

Ds. Kotzé: „Verklaar eers dat jy teen die Gereformeerde Kerk is."

Die man: „Maar Dominee, dié Kerk het my geen kwaad gedoen nie en my nooit gevra om by hom aan te sluit nie, waarom moet ek teen hom wees? Dit sou onnodig beledigend wees en ek soek nie rusie nie."

Ek meen ds. Kotzé sal hom tog nie afwys nie.

**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

PAARL: Pêrel-Boedelgebou, Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD: Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER: Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

**La Belle Alliance**

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

Posbus 10, Hugenoot.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY

Ons is Agente vir DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.

Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse

Foon 30764—Kamer 704/5—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

# Aan die Penkoppe

### Eer Jul Taal

Ons het twee landstale—Afrikaans en Engels. Die twee het gelyke regte. Hulle is naamlik albei ewe vernaam. Die een is nie minder as die ander nie. As ek met 'n staatsdienaar Afrikaans praat, moet hy my in Afrikaans antwoord. As ek aan 'n amptenaar in Afrikaans skrywe, moet hy my in Afrikaans antwoord. Ja, dis mooi, sommer pragtig. Jou moedertaal en my moedertaal, Afrikaans, staan in alle opsigte gelyk met ons Engelse maat se moedertaal in hierdie land.

En tog:

Ek kry 'n rekening van die stadsraad — dis net Engels. Ek kry 'n vorm van die regering — dis òf net in Engels, òf Engels staan in **swart** letters bo en Afrikaans in **klein** lettertjies daaronder gedruk. Maar nog erger: Ek kry 'n rekening van 'n Afrikaanse winkel of garage — in Engels! Kan julle dit glo? My eie mede-Afrikaner wat net so sleg Engels praat as ek, skrywe vir my in Engels, omdat hy dan nie gewoond is aan die Afrikaanse terme nie, of omdat hy nie weet watter van sy klante Engels en watter Afrikaans is nie, dus stuur hy maar aan almal Engelse rekenings. Hoekom dan nie aan almal Afrikaanse rekenings nie? O, vadertjie tog, wil jy dan hê die wêreld moet vergaan as 'n Engelsman 'n rekening, 'n vorm of 'n brief in Afrikaans kry? Jy, wat Afrikaner is, ja, jy is mos verslaan deur die Engelsman. Hy is mos jou baas en daarom moet jy tevrede wees met sy taal, al word daar gesê dat jou moedertaal wat so mooi is en wat jy so lief het, gelykstaan met syne.

Hier lê vir ons 'n groot werk, Penkoppe. Dit is 'n skandalige toestand wat ons kan regmaak as ons weier om die taal van die vreemdeling wat hier gekom het nadat ons voorouers die land skoongemaak het, te kies bo ons eie taal. Kyk 'n bietjie in watter taal jou ouers hul rekenings kry, veral as dit van Afrikaanse winkels kom, en sorg dat dit nie weer gebeur nie. Dis 'n belediging vir ons dat so iets gebeur. Die Afrikaner wat sy moedertaal eer, sal so iets nie duld nie. Die winkelier wat vir sy mede-Afrikaner 'n rekening in Engels stuur, minag sy moedertaal.

Penkoppe, die boodskap van die Vaderland aan ons is altyd: Eer jul moedertaal, net soos wat ander lande se kinders hul moedertaal eer. Praat altyd Afrikaans en praat dit suiwer. As julle dit nie doen nie, kan julle geen goeie Penkoppe wees nie.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan *Die O.B.* bekend gemaak.

Erkenning van bydrae in ander provinsies sal later bekend gemaak word.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .......... | 479 | 8 | 10 |
| Mediese Vriend, Wynberg, ekstra .. | 1 | 1 | 0 |
| Vriend, Hopefield .......... | 0 | 10 | 0 |
| Hoofkomdt. P. D. Cilliers (Plumstead) .......... | 1 | 0 | 0 |
| Komdte. C. M. Cilliers (Plumstead) | 1 | 0 | 0 |
| Mev. J. H. Conradie, Claremont .. | 3 | 0 | 0 |
| Hoofkomdte. H. Louw, Kaapstad .. | 1 | 0 | 0 |
| O.B.-Kommandos, Sutherland .... | 5 | 0 | 0 |
| O.B.-Vriend, Kaapstad .......... | 2 | 0 | 0 |
| Mej. B. Roux, Paarl .......... | 5 | 0 | 0 |
| Kaapstadse Manne-Kommando .... | 5 | 0 | 0 |
| Vriend, Piketberg .......... | 15 | 0 | 0 |
| Hoofkomdt en Mev. Van Aarde de Kock, Malmesbury .......... | 10 | 0 | 0 |
| Vriend, Kaapstad .......... | 50 | 0 | 0 |
| Totaal sover .......... | £578 | 19 | 10 |

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES

# Die Burger Weier Advertensie ten Bate van Geinterneerdes

Die Burger weier om enige advertensie van die Ossewabrandwag op te neem. Die Burger se advertensiekolomme staan oop vir Engelse en Joodse kapitaliste, en so bereid is hy om advertensies van die Imperialiste te plaas, dat lesers getrakteer word op groot Engelse Victory-V's wat oral in Britse en Joodse advertensies verskyn. **Maar die advertensie van 'n Afrikaanse en republikeinse organisasie word nie geplaas nie, selfs nie eers liefdadigheidsadvertensies nie!**

**Toe die Ossewabrandwag 'n rukkie gelede 'n advertensie aan Die Burger stuur waarin 'n fonds vir die afhanklikes van geïnterneerdes aangekondig word, het die blad dit teruggestuur en wou dit nie plaas nie, hoewel die Ossewabrandwag uitdruklik verklaar het dat hy daarvoor wil betaal.**

Daar is plek vir advertensies van mense wat die oorlogspoging bevorder, maar daar is geen plek vir 'n advertensie wat die nood van verdrukte Afrikaners wil lenig nie.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE
EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

Algemene Handelaars
FOON 5-4294
J. J. DE GOEDE,
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

# BRAAIVLEISAAND

MALMESBURY VROUE- EN MANSKOMMANDO'S

op

## SATERDAG, 21 FEBRUARIE 1942

om 6 n.m.

IN DIE SPORTSGRONDE

Deel van die opbrengs sal aangewend word ten behoewe van ons geïnterneerde broers.

By die geleentheid sal die Vryheidsvlam wat by Majubaberg aangesteek is en wat deur die Jeugfront vanaf Kaapstad vervoer is, ingewag word.

*SPREKERS:*

*Mev. dr. J. S. du Toit*

Alle O.B.-Kommando's en Vriende word hartlik hierheen uitgenooi. Laat ons die vlam van Vryheid brandend hou!

GELD
VIR BELEGGING.
Ons het geld vir belegging op Eerste Verband.
BILLIKE RENTEKOERS.
Doen aansoek by:—
Stabilis Agentskappe en Beleggingsmaatskappy
Kamer 901/902,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Skakel:— 3-0764.

DIE VOORTREKKERWINKEL
Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.
Voorsien u van alle
KRUIDENIERSWARE
VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

Gaan u na die Universiteit of die Kosskool, al u wasgoed moet gemerk word.
Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf TAFELBERG INDUSTRIEË, Kohlingstraat 16, Kaapstad.

SKOUBURG
Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Let Wel.—Ons vertoon elke Saterdagaand in bogenoemde Saal.
Ons Hoofprent — SAT. 14 FEB.
*„SIGN OF THE WOLF".*

*Geklassifiseerde Advertensies*

KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD
Strooikleur, 15/- per lb.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

TE KOOP
Muile.—Eersteklas spangeleerd muile.
Jong reun-perd, drie jaar oud.
Dubbelvoor-Skottelploeg „Sunny" in goeie orde.
F. H. ROBERTSON, Kleinfontein,
Pos Sinksabrug, GEORGE.

GEMAALDE KRAALMIS
VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

O.B.-SKRYFBLOKKE
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
*VOORSLAG (EDMS.) BPK.*,
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*